Liewe vriende

Hier reën dit vanaand lekker, onverwags na dit die afgelope tyd amper winterig begin voel het.

'n Paar brokkies, met foto's:

Tuisira en Kavazere (die vrou en dogter van Claudius) het vanjaar 'n sondagskool in Rakutuka (Gobabis) begin. Ons het daar by die "ronde huis" net 'n skadunet-dakkie en sal dit moet verbeter voor die winderige maande en winter kom, sodat die ongeveer 30 kinders 'n plekkie kan hê waarin hulle bymekaar kan kom.

Afgelope Vrydag het ons saam met Jac-Louis en Gijsbertha 'n besoek gebring aan Gqaina skool (foto: die kinders sing "elbows in, bums out, ens,"..... julle ken daardie liedjie :-)

Daarna is ons na Pos 3 Epukiro, waar 'n jongman ongelukkig tragies oorlede is; ons kon daar die Evangelie bring aan die San- en 'n paar Hereromense.

- Die Paasnaweek beplan ons 'n saamtrek van Sanmense van die On the Way bediening - daar is nogal baie uitdagings aan verbonde om hulle uit afgeleë dele bymekaar te bring en na die naweek weer terug by die huis. Maar die hoop is dat dit alles die moeite sal loon.

Dankie vir julle gebeds-ondersteuning!

Vrede

Henk